# HOOFSTUK I.

## 1. Die keuse van die vraagstuk:

In Junie 1954 het die Universiteit onder bespreking navorsingsposte aangebied aan nagraadse studente om die swak akademiese vordering en aanpassing van die eerstejaarstudente aldaar na te vors.[1] Die Senaat van die Universiteit het 'n komitee, bekend as 'n Studentevoorligtingskomitee, saamgestel om die akademiese vordering en aanpassing van eerstejaarstudente te ondersoek. Hierdie komitee het besluit dat opvoedkundige, sielkundige en sosiologiese faktore wat 'n rol kan speel met betrekking tot die akademiese vordering en aanpassing van eerstejaarstudente afsonderlik ondersoek moet word. Die sosiologiese faktore word in hierdie ondersoek bestudeer.

Aangesien die terrein van ons ondersoek streng afgebaken is en beperk is tot die swak akademiese vordering en aanpassing van die eerstejaarstudente aan die universiteit, was die maatstaf om akademiese sukses aan te dui gebaseer op skolastiese of opvoedkundige faktore. Hierdie faktore verleen dus aan die hele ondersoek 'n sosiologies-opvoedkundige inslag.

Die ondersoeker moes hom meer bepaald tot die suiwer sosiologiese faktore beperk aangesien daar alreeds drie verhandelings vir die graad Magister Artium ingedien is, waarin die rol van sielkundige faktore aangetoon word, aan die hand van ondersoeke wat handel oor die akademiese vordering en aanpassing van eerstejaarstudente aan dieselfde universiteit waar hierdie ondersoek uitgevoer is.

Daar die hoofnavorsingsbeampte 'n opdrag ontvang het om hom in hoofsaak tot die opvoedkundige faktore

2/...

[1] Die term "swak akademiese vordering en aanpassing van eerstejaarstudente" dui eintlik die wanaanpassing van die eerstejaarstudente aan. In hierdie ondersoek word veral bekende woorde gebruik. Aangesien hierdie woorde egter in 'n bepaalde verband gebruik word, word hulle om enige verwarring te voorkom, duidelik omskrywe. In die afdeling op bladsy 10 volg 'n woordelys wat vir hierdie ondersoek opgestel is.

1. faktore in verband met die universiteitsloopbaan te bepaal, spreek dit dus duidelik waarom die ondersoeker sy aandag moes toespits op die rol wat sosiologiese faktore speel. In hierdie ondersoek word die sosiologiese faktore ondersoek.

Die Nasionale Raad vir Sosiale Navorsing van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap het geldelik ruim bygedra om die ondersoek moontlik te maak.

2. <u>Die doel van die ondersoek</u>:

Die hoofdoel van hierdie ondersoek sal veral die volgende wees, naamlik om aan te toon watter sosiologiese faktore 'n rol in die proses van die akademiese swak vordering en aanpassing van die eerstejaarstudente aan die universiteit, speel.

Waar die onderhawige ondersoek dus gebaseer is op 'n sosiologiese grondslag, sal ondermeer die volgende faktore in aanmerking geneem word, tewete:

(a) die geslagtelike samestelling van die eerstejaarsgroep;

(b) die ouderdomsamestelling van die eerstejaarstudente;

(c) die kursussamestelling;

(d) sosio-ekonomiese faktore waaronder byvoorbeeld die volgende ingesluit word, naamlik:

   (i) die beroepe van die broodwinners van die gesinne waaruit die studente kom;

   (ii) die posisies wat die studente in die gesinshiërargie beklee; en

   (iii) die geldbronne waaruit die studente tydens hulle eerstejaar put.

Al die bogenoemde faktore word verder in verband gebring met die akademiese prestasies van die eerstejaarstudente tydens die eerstejaar op die universiteit.

3/...

2. In 'n sosiologiese ondersoek speel verskeie ander faktore 'n rol met betrekking tot die probleem wat ondersoek word. Ons het 'n wye veld probeer dek en gevolglik talle faktore in berekening geneem wat ons soos volg ingedeel het:

(a) Inwoningsfaktore.

Aangesien inwoningsfaktore na die mening van die ondersoeker so 'n belangrike rol in die proses van akademiese vordering en aanpassing van eerstejaarstudente aan die universiteit speel, is hierdie faktore deeglik ondersoek. Die verblyfplek tydens die eerste jaar op die universiteit is ondersoek en selfs die woonplek van 'n student tydens sy/haar skooljare word vergelyk met sy/haar akademiese prestasies na afloop van die eerste jaar op die universiteit.

(b) Opvoedkundige faktore.

Hier het ons die veld taamlik wyd afgebaken. Die landelik-stedelike herkoms van die eerstejaarstudente is in aanmerking geneem om vas te stel of hierdie faktore die eerstejaarstudente se akademiese prestasies beïnvloed.

Taalfaktore is ook deeglik ondersoek. In hierdie verband is die eerstejaarstudente se huistaal sowel as die voertaal wat op die skole wat hulle bygewoon het, gebesig is, ondersoek.

Vervolgens is die tipe skole waaruit die eerstejaarstudente gematrikuleer het in berekening gebring met hulle akademiese vordering en aanpassing.

(c) Maatskaplike of sosiale faktore.

Verskillende faktore is hier in aanmerking geneem, veral maatskaplike faktore wat die eerstejaarstudente se vordering en aanpassing moontlik kan beïnvloed. Die volgende faktore is in aanmerking geneem:

4/...

2. (c) (i) Die rol wat kamermaats tydens 'n student se eerste jaar op die universiteit op sy/haar akademiese prestasies uitoefen.

(ii) Die eerstejaarstudente se deelname aan aktiwiteite en bedrywighede is ook met hulle akademiese prestasies in verband gebring, dit wil sê, die rol wat vryetydsbesteding op eerstejaarstudente se akademiese prestasies uitoefen, is in aanmerking geneem.

(iii) Die rol wat ontgroening of inlywingsplegtighede op die eerstejaarstudente se akademiese vordering en aanpassing tydens die eerste jaar op die universiteit speek, is ook nagevors.

Daar sal dus gepoog word om aan te toon watter rol sosiologiese faktore op die akademiese vordering en aanpassing van die eerstejaarstudente speel.

3. Die noodsaaklikheid van die ondersoek:

Studente-aangeleenthede word vandag meer en meer onder die soeklig geplaas. Die hoë finansiële koste om universitêre inrigtings in stand te hou en om personeel te besoldig; die groot verlies aan mannekrag as gevolg van foutiewe en kwasi-wetenskaplike beroepsleiding en beroepsseleksie is slegs enkele faktore wat die navorser tot nadenke stem.

Nadat die ondersoeker wyd met betrekking tot die akademiese vordering en aanpassing van studente aan hoër onderwysinrigtings gelees het, het dit spoedig geblyk dat daar 'n wesenlike behoefte bestaan aan 'n wetenskaplike ondersoek waarin die rol wat suiwer sosiologiese faktore op die akademiese aanpassing en vordering van eerstejaarstudente aan universiteite speel, na te vors.

4. Die begrensdheid van hierdie ondersoek:

Hierdie ondersoek is van beperkte omvang wat die stof wat nagevors is, betref. Slegs een Suid-Afrikaan-

4. se universiteit word in hierdie ondersoek betrek en die aandag word in hoofsaak aan die rol wat sosiologiese faktore op die akademiese vordering en aanpassing speel, geskenk.

Daar word alleenlik aandag aan die eerstejaarstudente se akademiese vordering en aanpassing aan 'n universiteit geskenk.

5. Die metodes van ondersoek:

Dit is 'n welbekende feit dat die sosioloog van verskillende navorsingsmetodes kan gebruik maak. In hierdie ondersoek is veral van die volgende metodes gebruik gemaak, naamlik:

(1) Statistiese metodes.

Hier is van die volgende statistiese tegnieke gebruik gemaak, tewete:

(a) Die steekproef:

"A set of measurements which constitutes part of the totality of all possible measurements of the same quantity (or quantities) is called a sample of the latter set."[1)]

By steekproefneming uit 'n statistiese populasie is die parameters óf beskrywende mate van die teoretiese verdeling van die statistiese populasie gewoonlik onbekend. 'n Skatting van die parameters van hierdie populasie moet dan gevind word deur middel van 'n steekproef, dit wil sê, deur 'n gedeelte van die populasie te bestudeer. Die oneindige populasie kan dus beskou word as die limietgeval wanneer die steekproefgrootte na die oneindige nader.

Die steekproeftegnieke wat ons in hierdie ondersoek toegepas het, is soos volg:

6/ ...

---

1) Freund, John E.: "Modern elementary statistics". Sir Isaac Pitman & Sons Ltd., London. Second Printing March, 1953. p.144.

5. (1) (a) (i) 'n Steekproef[1] wat teenwoordigend is van die eerstejaarstudente wat in 1954 ingeskryf het, is geneem. Hierdie steekproef het vyf-en-twintig persent eerstejaarstudente uit dié betrokke groep ingesluit. Die ondersoeker het tot die besluit geraak om van 'n steekproef gebruik te maak nadat 'n breë oorsig van die gegewens van die 1953 eerstejaarstudente deeglik ondersoek is.

(ii) Met betrekking tot die 1955 groep eerstejaarstudente, is ook 'n steekproef geneem. Die ondersoeker het van 'n steekproef wat uit sowat 25% tot 30% van die eerstejaarstudente van 1955 bestaan, gebruik gemaak.

(b) Die ondersoeker het verder die vraelyste wat deur die eerstejaarstudente ingevul is, getoets aan die hand van sekere hipoteses. Hier het ons van die Chi-kwadraattoets ($X^2$) gebruik gemaak. By hierdie toets word sekere waargenome frekwensies vergelyk met verwagte of teoretiese frekwensies.[2] Hierdie volledige ontleding van die vraelyste verskyn verderaan.

Wanneer 'n ondersoeker gebruik maak van statistiese tegnieke dan ontstaan die versoeking om oordrewe waarde te heg aan meetbare dinge. In hierdie ondersoek is veral aan hierdie besware gedink en daarom is die statistiese tegnieke hoofsaaklik as hulpmiddels gebruik.

7/.....

1) Kyk na p.64

2) Freund, John E.: a.w. Hoofstuk 15.

5. (2) Die Sosiografiese metode.[1]

Hierdie ondersoek is in 'n baie groot mate 'n sosiografiese ondersoek, dit wil sê die bestudering van maatskaplike toestande binne 'n bepaalde groep op 'n bepaalde tydstip. 'n Sosiografiese ondersoek gaan soms slegs oor 'n bepaalde onderdeel van 'n gemeenskap, in ons geval eerstejaarstudente aan 'n universiteit.

In hierdie ondersoek is byvoorbeeld aandag aan die invloed van geografiese faktore; die geslagtelike samestelling; ouderdomsamestelling; behuising, en dergelike meer faktore geskenk.

Die ondersoeker is van die tekortkominge van hierdie metode bewus, aangesien 'n mens baie maklik feite kan weergee sonder om wetmatighede vas te stel - 'n sekere wyse om in blote beskrywing te verval. Trouens, beskrywing kan juis as die taak van die sosiografie beskou word.

(3) Die questionnaire of vraelys.

Die ondersoeker moes heelwat inligting deur middel van vraelyste inwin. Die vraelyste wat vir hierdie ondersoek aan die eerstejaarstudente voorgelê is, is só opgestel dat slegs eenvoudige antwoorde verlang is. Sommige vrae is deur die eerstejaarstudente beantwoord deur instruksies te gee dat slegs 'n letter of syfer omsirkel moes word.[2] Verder is die vraelyste in die teenwoordigheid van die ondersoeker deur klein groepies eerstejaarstudente ingevul sodat die verstrekte antwoorde gekontroleer kon word.

8/...

---

1)(a) Groenman, Dr. Sj.: "Sociale aanpassing", Tweede Druk. Van Gorcum-Assen, 1952.

(b) Van Dijk, P. : "Mens en Medemens" N.V. Gebr. Zomer & Keunings Uitgeversmaatschappij Wageningen. Hoofstuk XII.

2) Voorbeelde van die vraelyste waarvan in hierdie ondersoek gebruik gemaak is, is opgeneem in die byvoegsel. (Hoofstuk IX).

5. (3) Die inligting wat deur die eerstejaarstudente verstrek is op die vraelyste is verder gekontroleer deur die ondersoeker wat elke eerstejaarstudent wat 'n vraelys of vraelyste ingevul het, persoonlik genader het by sy/haar woonplek en verskeie onderhoude met die afsonderlike eerstejaarstudente gevoer het.

(4) Onderhoude.

Alle proefpersone in hierdie ondersoek is persoonlik genader. Besoeke aan hulle woonplekke is gereël en hulle probleme is met hulle bespreek. Op hierdie manier is daar persoonlike kontak tussen die eerstejaarstudente en die ondersoeker opgebou. Ook in hierdie onderhoude het die ondersoeker homself uiters krities ingestel en slegs waar omstandighede dit toegelaat het, is die gegewens in die teenwoordigheid van die proefpersone neergeskryf.

(5) Die eksperimentele metode.

Ofskoon daar in die breëre projek, hoofsaaklik vir skolastiese en akademiese doeleindes, gebruik gemaak is van die parallel-groep-waarneming, was hierdie metode vir die suiwer sosiologiese ondersoek van min of geen waarde nie.[1] By die parallel-groep-waarneming maak 'n navorser gewoonlik van twee groepe persone gebruik byvoorbeeld 'n proefgroep en 'n kontrolegroep. Nou meet ons albei die groepe ten opsigte van 'n sekere eienskap of eienskappe. By die proefgrop verander ons nou sommige van hierdie eienskappe, dog ons laat die kontrole-groep met rus. Nadat die ondersoek nou voltooi is, dan vergelyk ons weer die twee groepe met mekaar om te sien of die veranderinge wat ons aangebring het, wel 'n merkbare invloed uitgeoefen het al dan nie.

9/ ...

---

[1] In die Byvoegsel (hoofstuk IX) volg 'n volledige uiteensetting van die doel en die wyse van optrede ten opsigte van hierdie metode.

5. (6) Die begrypende metode.[1]

Die natuurwetenskaplike maak veral van die eksperimentele metodes en tegnieke gebruik. 'n Natuurwetenskaplike probeer 'n kousale verband tussen oorsaak en gevolg aantoon. Hy sien gewoonlik die oorsaak en die gevolg(e) van 'n gebeure in kousale verband raak.

Die beoefenaar van die geesteswetenskappe kan egter nie sy stof op dieselfde wyse versamel en verwerk as die natuurwetenskaplike nie. Op die terrein van die menslike waardes en aangeleenthede is ook eise gestel om sekere tendense meetbaar-objektief voor te stel - vandaar 'n soms oordrewe waarde aan syfermatige waarnemings.

Die mens kan egter nie altyd gemeet word nie en veral om dié rede het daar 'n rigting ontstaan wat daarop gewys het dat die hoofsaak in die geesteswetenskappe begryp en verstaan is. Om te begryp en te verstaan - dit is die hoofsaak vir die beoefenaar van die geesteswetenskappe.

Die uitgangspunt van die begrypende metode is om die sin en die betekenis van 'n handeling te kan waarneem en te begryp.

In enige handeling is fisiese en psigiese elemente aanwesig, maar behalwe hierdie elemente is daar nog die subjektiewe of persoonlike element wat uiters belangrik is. Tereg kan ons sê dat juis hierdie subjektiewe element die doel of motief van die handeling is en dit kan nie bloot meganies of kousaal verklaar word nie.

Die sosioloog moet dus probeer om die sosiale

10/ ...

---

1) "Beschrijving, analyse, classificatie, vergelijking, inductie, deductie zijn methoden, die zowel de empirische cultuur- als de natuurwetenschappen kunnen bezigen, maar de 'verstehende' methode (die van het meevoelen, begrijpen), onmogelijk bij de laatste, heeft wel zin bij eerstgenoemde wetenschappen." Encyclopaedisch Handboek van het moderne denken. Derde, geheel herziene druk. MCML van Logum Slaterus N.V. Arnhem. N.V. van de Garde en Co's Drukkerij Zaltbommel, p.678.

5. (6) handelinge van mense te verstaan, nie deur daardie handelinge te reduseer tot elementêre sielkundige of fisiologiese feite nie, maar deur insig te verkry in die manier waarop die mense tot daardie bepaalde handelinge kom. Met ander woorde, die sosioloog moet homself in die betrokke situasie verplaas. Hy moet dus saam met die persoon die situasie mee-belewe. Alleenlik deur simpatieke mee-belewing kom werklike begrip en insig. Ons verklaar die natuur en sy verskynsels maar ons sê ons verstaan die geesteslewe en die innerlike belewing waarop dit gegrond is en om daardie rede is 'n spesiale metode nodig om die geesteslewe te bestudeer. Die fundamentele metode hier is dié van innerlike waarneming, naamlik die begrypende metode. Hierdie metode veronderstel dat die ondersoeker 'n agtergrond van eie kennis en ervaring sal hê wat voldoende is om hom te lei in die ontdekking van die motiewe van 'n handeling.

In hierdie ondersoek is die begrypende metode tot 'n baie groot mate toegepas.

6. <u>Woordbepalings</u>:

In hierdie ondersoek word veral bekende woorde gebruik. Aangesien hierdie woorde egter in 'n bepaalde verband gebruik word, word hulle om enige verwarring te voorkom, duidelik omskrywe. Hieronder volg 'n lys van die vernaamste woorde tesame met hulle betekenisse, soos hulle in die huidige uiteensetting gebruik sal word.

(i) <u>Eerstejaarstudent.</u>

'n Eerstejaarstudent aan 'n universiteit is gewoonlik 'n student wat hom vir die eerste keer aan daardie inrigting laat registreer. Dit spreek dus duidelik dat volgens hierdie omskrywing 'n senior-student vanaf 'n ander inrigting bestempel word as 'n eerstejaarstudent of nuweling. Aan-

11/ ...

6. (i) gesien die indeling van studente by die universiteit onder bespreking volgens die bostaande metode geskied, is daar, veral om praktiese redes by hierdie indeling gehou.

Normaalweg behoort 'n eerstejaarstudent, in die engere sin van die woord, 'n student te wees wat direk ná skool universiteit toe gegaan het. Studente wat eers gaan werk het of ander naskoolse opleiding geniet het, het tog immers ander ervaringe opgedoen as direkte skoolverlaters wat by 'n universiteit aanmeld.

(ii) B.A. Studente.[1)]

Hieronder word alle studente ingesluit wat kursusse neem wat aangebied word deur die Fakulteit van Lettere en Wysbegeerte.

(iii) Mediese groep.[2)]

Hierdie groep sluit alle studente in wat vakke neem vir die volgende leergange, tewete:

(a) Medisyne aangedui deur M.B.,Ch.B.
(b) Tandheelkunde aangedui deur B.Ch.D.
(c) Landbou aangedui deur B.Sc. (Agric.)
(d) Veeartsenykunde aangedui deur B.V.Sc.

Vir al die bogenoemde leergange word die volgende kursusse geneem in die eerstejaar, naamlik Fisika, Chemie, Plantkunde en Dierkunde. Hierdie vier vakke dien as die basis vir die volgende jare en aangesien alvier die studierigtings dieselfde eise stel, kan ons hierdie groepe in een kategorie indeel.

12/...

---

1) Raadpleeg die amptelike Jaarboek 1955 van dié universiteit, pp. 101-109.

2) (a) Ibid pp.366-371. (b) Ibid pp. 397-398.
(c) Ibid pp.216-219. (d) Ibid pp. 318-320.

6. (iv) B.Sc.-Studente.[1)]

Hierdie groep sluit alle studente in wat leergange volg in die Fakulteit van Wis- en Natuurkunde uitgesonderd dié groepe genoem en ingesluit onder dié groep wat omskrywe word as die Mediese groep.

(v) Ander groepe studente wat geklassifiseer is as die res.

Alle studente wat nie ingesluit is onder die B.A.-, B.Sc.- en Mediese groepe nie, is hier ingesluit. Dit wil sê, alle studente wat vir Diploma-kursusse ingeskryf het asook die B.Ed. Phys.-groep ressorteer onder hierdie hoof.[2)]

(vi) Slaag-Druip.

Vir die doeleindes van hierdie ondersoek is streng gehou volgens die universiteit se Jaarboek. Alle regulasies is stiptelik nagevolg vir elke afsonderlike kursusgroep.

'n Student(e) is as "suksesvol" omskrywe en ingedeel indien hy/sy in die heel eerste eksamenpoging geslaag het vir die besondere kursus waarvoor hy/sy ingeskryf het aan die begin van die jaar. Hierdie klassifikasie verskil dus van dié soos toegepas deur die universiteitsowerhede aangesien geen her- of siekte-eksamens in aanmerking is nie. Indien 'n student vanuit die "Mediese groep" dus slegs drie vakke geslaag het, is hy as 'n druipeling geklassifiseer aangesien hy nie tot die tweede studiejaar toegelaat word nie ofskoon hy nogtans tot 'n tweede studiejaar in 'n ander Fakulteit kan toegelaat word - volgens die laasgenoemde metode beskou talle studente hulleself as "suksesse" ofskoon hulle gedruip het in dié kursusse waarvoor hulle aanvanklik ingeskrywe het.

13/ ...

---

[1)] Ibid pp. 160-164.

[2)] Daar dien egter op gelet te word dat die B.Ed. Phys.-graad vanaf 1955 verdwyn het. Tans verwerf studente 'n B.A. (Ed.Phys.)-graad.

6\. (vi) 'n Student moet aan al die vereistes voldoen vir sy besondere kursus indien hy as "suksesvol" beskou wil word. Die oorskakeling van 'n student van een kursusgroep tot 'n ander kursusgroep, behoort as 'n mislukking beskou te word.

(vii) Tipe skole.

Ons het veral die volgende indeling gemaak:

(a) Seunskole:

Dit wil sê skole waarin slegs seuns opgeneem is.

(b) Meisieskole:

Dit is skole met skoolbevolkings wat slegs uit dogters bestaan.

(c) Gemengde skole:

In hierdie skole is seuns en dogters tesame aanwesig. Opvoedkundiges gebruik die term Koëdukasie met betrekking tot hierdie skole.

(viii) Beroepsklassifikasie.

Waar hierdie ondersoek noodwendig ook sosio-ekonomiese faktore moes insluit, is veral met die oog op die akademiese klem wat die hele ondersoek aanneem, aandag geskenk aan die mate van skoolopleiding wat die broodwinners geniet het. Die onderstaande indeling is uitsluitlik vir hierdie opname ontwerp deur die ondersoeker.

(i) Professionele kategorie:

Hier is weer die volgende indeling gemaak naamlik:

(a) 'n Hoër professionele groep:

Hierdie groep beskik oor universiteits-kwalifikasies.

•.(viii) (i) (b) 'n Laer professionele groep:

Hierdie groep sluit rekenmeesters en onderwyser(s)(esse) in wat nie •or universiteits-kwalifikasies beskik nie.

(ii) Klerklike kategorie:

Algemene klerklike werk, waarby ook die Staatsdiens betrek word, word hier ingesluit. Hier is ook van 'n tweeledige indeling gebruik gemaak, naamlik:

(a) 'n Hoër klerklike groep:

Dit is dié groep wat die matrikulasiestandaard bereik het en klerklike werk verrig.

(b) 'n Laer klerklike groep:

Dit is dié groep wat nie die matrikulasiestandaard behaal het nie en klerklike werk verrig.

(iii) Ambagslui:

Hier is ook twee groepe onderskei, naamlik:

(a) Hoëre ambagte;
(b) Laere ambagte.

Die beoordeling is gedoen op grond van 'n arbitrêre skaal en die volgende uitgangspunt is aanvaar, naamlik:

(a) Die hoogste standerd wat die hoof van die gesin op skool behaal het;

(b) Die salarisgroep waarin die broodwinner se gesin ressorteer;

(c) Die tipe werk wat deur die broodwinner verrig word.

(iv) Boere.

Alle boere met professionele kwalifikasies is

6.(viii) onder die professionele groep ingedeel en nie as "boere" nie. Die rede hiervoor is die feit dat die mate van opleiding wat die ouer geniet het grootliks gaan bepaal watter eise hy aan die kind gaan stel - veral op opvoedkundige gebied.

Ander:

Alle ander beroepe wat nie onder een van die ander hoofde sondermeer ingedeel kon word nie, is hieronder ingesluit, naamlik eienaars van sake, polisie, ens..

(ix) Die inkomstegroepe van die gesinne waaruit die studente kom:

Die studente is gevra om aan te toon in watter van die bestaande kategorieë hulle gesinne val en hierdie indeling sou dan aantoon wat die bedrag geld is wat tot die beskikking van AL die lede van die gesin gestel word. Indien 'n broer wat werk, byvoorbeeld, sy totale inkomste tot die beskikking van die gesin sou stel, is hierdie bedrag by dié van die broodwinner gevoeg en indien hy slegs losies sou betaal en die res van sy inkomste vir homself sou behou, is hy as 'n aparte ekonomiese eenheid beskou. Hierdie indeling is baseer op dié van die "KOMMISSIE VAN ONDERSOEK INSAKE DIE GESINSLEWE."[1)]

Die belangrikste rede hiervoor is die feit dat dit wenslik is om op dieselfde terrein, dieselfde maatstawwe aan te wend en om daardie rede is van hierdie indeling gebruik gemaak. Op hierdie manier kry ons ook meer eenvormigheid op navorsingsgebied.

16/ ...

---

[1)] Prof. G. Cronjé van die Universiteit van Pretoria was die voorsitter van hierdie kommissie, dog die kommissie het nog geen verslag die lig laat sien ten tye van hierdie ondersoek nie. 'n Volledige verwysing is dus nie moontlik nie.

6. (ix)

| | | | |
|---|---|---|---|
| (a) | £0 | - | £199 |
| (b) | £200 | - | £299 |
| (c) | £300 | - | £399 |
| (d) | £400 | - | £499 |
| (e) | £500 | - | £599 |
| (f) | £600 | - | £799 |
| (g) | £800 | - | £999 |
| (h) | £1000 | - | £1499 |
| (i) | £1500 | - | £1999 |
| (j) | £2000 | - | £ en meer. |

(x) Die herkoms van die studente na aanleiding van die woonplek van die ouers:

Die geografiese herkoms van die studente is as landelik of stedelik geklassifiseer. Die klassifikasie is gedoen na aanleiding van die woonplek van die ouers en dit sluit al vier die provinsies in, asook gebiede wat as "elders" geklassifiseer kan word.

Die stedelike gebiede in Suid-Afrika is geneem aan die hand van die indelings soos gebruik deur die Buro vir Sensus en Statistiek, hiervolgens val Suid-Afrika in nege stedelike gebiede uiteen.[1)]

## 7. 'n Oorsig van die bestaande literatuur oor dié onderwerp.

Suiwer sosiologiese gegewens met betrekking tot die vordering en aanpassing van eerstejaarstudente aan die universiteit bestaan feitlik nie. Die materiaal wat beskikbaar is oor dié onderwerp dra meestal óf 'n sterk sielkundige óf 'n sterk opvoedkundige kleur. In meerdere of mindere mate is soms sosiologiese faktore binne die prentjie gebring dog dis gewoonlik slegs as bykomstige faktore beskou om die saak toe te lig. Om te illustreer ag die skrywer dit wenslik om wel alle beskikbare literatuur oor die onderwerp aan te haal, oorsese bronne, sowel as dié hier te lande.

17/ ...

---

1) Offisiële Jaarboek van die Unie van Suid-Afrika en van Basoetoeland,Betsjoeanaland-protektoraat en Swaziland. No. 25, 1949. Die Staatsdrukker, Pretoria, p.335.

7. In soverre dit die opvoedkundige en sielkundige aspekte aangaan, wil dit voorkom asof die klem in hoofsaak val op die toelating en keuring van studente. Hierdie aspekte is onteenseglik belangrik maar bepaald nie die alpha en omega van die akademiese loopbaan nie.

Die vraag ontstaan onwillekeurig watter rol die omgewing, die medemens, die inwoningstoestande, deelname of non-deelname aan universiteitsaktiwiteite, ensovoorts op die suksesvolle aanpassing van die student speel.

(a) Oorsese literatuurbronne:

Die ondersoeker het so wyd as moontlik met betrekking tot sy onderwerp gelees. Dit het vir ons wenslik gelyk om die oorsese literatuurbronne in twee definitiewe kategorieë in te deel, naamlik die bronne wat betrekking het op die Verenigde State van Amerika en dié literatuurbronne wat opgestel is met betrekking tot die Verenigde Koninkryk en Europa.

(i) Die Verenigde State van Amerika:

(a) Reeds in 1929-1930 het Knode die volgende bevind:

> "The public high school in particular tends less and less to subscribe to the idea that its principal rôle is that of a steppingstone to college, or to accept the notion that college precincts of learning or of method have anything connected with them which is in any sense inviolable."[1)]

Hierdie ondersoeker het verder die volgende in verband met die akademiese wanaanpassing van studente konstateer:

18/ ...

---

[1)] Knode, J.C.: Orientating the student in College with special reference to freshman week. Bureau of Publications Teachers College, Columbia University, New York City, 1930, p.114.

7. (a) (i) (a) "Study of college failures has shown that the principal difficulties in the way of proper college accomplishment are:

(1) lack of intelligence;
(2) lack of proper study habits and methods;
(3) improper adjustment to courses;
(4) lack of driving power;
(5) distractions and worries; and
(6) lack of proper outlets."[1]

Uit die voorafgaande blyk dit dat hy die klem veral op sielkundig-opvoedkundige faktore laat val.

Knode kom met 'n baie aanneemlike oplossing na vore. Hy stel 'n kennismakingweek of "Freshman Week" as 'n absolute vereiste.[2]

Met betrekking tot die skoolagtergrond waaruit die studente afkomstig is, merk hy die volgende op:

"Evidence has been adduced to show that in men and women, in high-grade and low-grade students, and again in students from large high schools and small high schools, there are differences of outlook upon college life and differences in reaction to it."[3]

Opsommend:

(a) Knode beklemtoon die aansluiting: skool-universiteit.

(b) Verder meld hy dat die agtergrond van studente op sy beurt hulle lewensbeskouing beïnvloed.

(b) In 1931 het Kurani in 'n artikel wat betrekking het op die keuring van studente in Amerika, die klem veral op die voorligtingsaspek laat val.[4]

19/ ...

[1] Ibid, p.115.
[2] Ibid, p.125.
[3] Ibid, p.126.
[4] Kurani, H.A.: Selecting the College Student of America. A study of theory and practice. Bureau of publications, Teachers College, Columbia University, New York City, 1931. p.7-13.

7. (a) (i) (b)

> "Both the high school and the college should be jointly responsible in admitting students to higher education. All measures which are adopted should be so planned as to give each institution an equal share of the burden."[1]

Met betrekking tot die keuring van studente vind hy dat dit noodsaaklik is om te let op die herkoms van die studente veral na aanleiding van die tipe skole waaruit hulle kom, asook die standaarde wat deur die skole gehandhaaf word.[2]

Verder beklemtoon Kurani die persoonlikheidstrekke van die aspirant studente, veral die graad van rypheid wat alreeds bereik is:

> "Maturity is most often defined in terms of age, experience and steadiness of purpose."[3]

By die keuringsproses van die studente, speel die intelligense ook 'n vername rol.

> "The practice is becoming prevalent whereby mature students are admitted to full standing after passing an intelligence test."[4]

Tereg merk hy op dat die studente leiding moet ontvang veral ten opsigte van sekere swakhede.[5]

Kurani beklemtoon die rol van die dosent en/of onderwyser met betrekking tot die akademiese vordering en aanpassing van die studente:

> "Hence the importance of earnest, highly trained teachers who are able to inculcate in the youth right attitudes toward their studies and toward examinations."[6]

20/ ...

---

1) Ibid, p.16.
2) Ibid, pp.17-18.
3) Ibid, p.19.
4) Ibid, p.30.
5) Ibid, p.20.
6) Ibid, p.24.

7. (a) (i) (b) Indien die dosente of onderwysers op skool swak is, dan is die gevolg gewoonlik dat die student moeilik aansluit en aanpas by die universiteit.

Dit dien daar op gelet te word dat die keuring van studente gewoonlik toegepas word by die inrigtings waar die aanbod die aanvraag oorskry.

Kurani laat egter telkemale die klem val op die opvoedkundige agtergrond van die studente. Die rede hiervoor is dat die aansluiting skool-universiteit hierdeur beïnvloed word. Ons haal aan:

> "If American colleges will put more attention on improving the quality of teaching in the secondary school, and also on the freshman level, they will achieve greater progress in solving this perplexing problem of selection."[1)]

Hierdie ondersoeker laat die klem op die sielkundige en opvoedkundige aspekte val.

In sy omskrywing van die doel van die opvoeding, sê Kurani dat dit sosiale doeltreffendheid behoort in te sluit. Om die doel van die opvoeding pragmaties te maak, moet dit tot 'n meerdere of 'n mindere mate bepaalde sosiologiese faktore omsluit. Sy opvoedingsdoel is die volgende:

> "An aim of education is the development of the individual's natural powers through activities with personal as well as social value."[2)]

En verder:

> "An aim of education is social efficiency."[3)]

21/ ...

---

[1)] Ibid, p.58.
[2)] Ibid, p.101.
[3)] Ibid, p.104.

7. (a) (i) (b) Opsommend:

Kurani wys ook op die aansluiting: skool-universiteit dog hy stel voor dat meer aandag aan die herkoms van studente gewy behoort te word, sodat hierdie aansluiting vergemaklik kan word.

(c) In 1943 verskyn 'n artikel waarin Woolf 'n ondersoek geloods het om 'n verband te probeer aantoon tussen die studente se aanpassing tuis en die gedrag van junior kollegestudente.[1)]

Hy vind dat 'n mens deur middel van sielkundige toetse 'n student se verwagte akademiese sukses, tot 'n baie groot mate kan voorspel. Dog hy meld die volgende met betrekking tot die moontlikheid om sosiale gedrag te voorspel:

> "However, we have not been concerned to any appreciable extent about predicting social behaviour: that is, how the pupil reacts to people, things, and situations."[2)]

Ons sien dus dat navorsers bewus word van die feit dat suksesvolle sosiale aanpassing, veral in die huisgesin, ook die opvoeding beïnvloed en dat suksesvolle aanpassing op sosiale of maatskaplike gebied soms suksesvolle akademiese resultate oplewer.

Woolf toon verder aan dat 'n mens 'n student se gesinsagtergrond in aanmerking moet neem wanneer ons hom as individu wil verstaan en verklaar.

22/ ...

---

1) Woolf, M.D.: A study of some relationships between home adjustment and the behavior of junior college students. The Journal of Social Psychology, 17: 275-86. My '43, pp.275-286.

2) Ibid, p.275.

7. (a) (i) (c)

> "Home adjustment is understood to be the relationship existing between members of a family, dependent upon such factors as emotional stability of parents, the understanding they show of their children and the way they deal with them in an authoritive or affectionate manner, and the response of the child to these stimulating factors."[1)]

Woolf heg baie waarde aan 'n student se aanpassing tuis:

> "We believe that home adjustment is a basic factor in the total adjustment of the whole life of an individual and if diagnosis of personal problems is to be undertaken, there is a need to extend our knowledge in that direction."[2)]

Dit spreek dus duidelik dat die gesinsagtergrond die persoonlikheid help vorm, wat op sy beurt in 'n baie groot mate die akademiese prestasies sal beïnvloed.

Die gesinsagtergrond is dus van uiters groot belang wanneer ons die akademiese vordering en aanpassing van die studente bestudeer.

Woolf bevind dat 'n student wat goed binne sy gesinsverband aangepas is, baie makliker vriende maak, maklik op die voorgrond tree en oor die algemeen met bevredigende gedrag voor die dag kom.[3)] Die teenoorgestelde is die geval met betrekking tot studente wat uit huis afkomstig is waarin hulle wanaangepas is.[4)]

<u>Opsommend</u>:

Woolf toon aan dat 'n mens 'n student se gesinsagtergrond in aanmerking moet neem wanneer ons hom as individu wil verstaan en verklaar.

22/....

---

1) Ibid, p.277.
2) Ibid, pp. 275-276.
3) Ibid, p.286.
4) Ibid, p.286.

7. (a) (i) (d) 'n Ander skrywer, Rose, het in 1947 ondersoek ingestel na die verband tussen 'n student se verlange huistoe en sy/haar akademiese aanpassing.[1] Sy toetsmateriaal was damesstudente wat ingeskryf was by "Smith College".

Hierdie ondersoeker toon ook aan dat die nuwe milieu waarin die studente hulle bevind by die kollege, hulle akademiese aanpassing bemoeilik aangesien dit feitlik 'n oorgangstadium vorm. Dit is veral die geval as die studente nog jonk is en baie afhanklik voel.

Daar word onder meer gekonstateer dat huisvaste jongmense baie moeilik aanpas op "Smith College" en dat baie jong dames onseker in die nuwe omgewing voel.

> "For the young adult woman this feeling of insecurity seems to be definitely related to factors in her home which either did not provide her with a variety of social experiences or which prevented her from developing confidence in her personal attractiveness and social ability."[2]

<u>Opsommend:</u>

Rose se ondersoek bring dit duidelik aan die lig dat 'n mens nie sielkundige, opvoedkundige en sosiologiese faktore in waterdigte kompartemente kan indeel nie.

(e) Steckel, 'n ander ondersoeker, het op haar beurt die finansiële aspekte waarmee

24/...

---

[1] Rose, A.A. <u>A study of homesickness in College Freshman.</u> The Journal of Social Psychology, Vol. 26, pp. 185-202, N '47.

[2] Ibid, p.202.

7\. (a) (i) (e) waarmee 'n student gemoeid is, onder die vergrootglas geplaas.[1)]

Sy was 'n studente adviseur aan die "Alabama College", en:

> ".... she has observed that students who find it difficult to finance their college education tend to be less well adjusted in their campus relationships than are those who have made definite arrangements for financing their college career".[2)]

Sy het onder andere gevind dat die meeste studente wat die universiteit binne die eerste paar weke verlaat het, dit gedoen het op grond van die bewuswording van die hoë koste wat daar aan 'n universiteitsloopbaan verbonde is.

Geldgebrek baar bekommernis en dit op sy beurt ontwrig die studente, nie net op maatskaplike gebied nie, maar ook op akademiese gebied.

<u>Opsommend</u>:

(a) Steckel het op haar beurt die finansiële aspekte waarmee studente gemoeid is onder die soeklig geplaas.

(b) Finansiële laste veroorsaak maklik wanaanpassing op akademiese gebied.

(c) Hierdie ondersoeker toon dus aan dat die sosio-ekonomiese status van 'n student van besondere belang is - kennis van hierdie aangeleentheid is dus absoluut noodsaaklik.

25/ ...

---

1\) Steckel, Minnie L. : <u>Financial insecurity as a factor in maladjustment of College freshmen</u>. The Journal of Social Psychology, Vol. 25, pp. 247-251. My '47.

2\) Ibid, p.247.

7. a) (i) (f) Met betrekking tot die akademiese aanpassing en vordering van studente en die tipe skole waaruit die studente gekom het, het ons ook 'n interessante studie.[1]

Seltzer het die eerstejaarstudente aan Harvard in drie groepe ingedeel en die indeling is gebaseer op die tipe skool wat die studente bygewoon het. Hierdie indeling maak voorsiening vir die sogenaamde "Public", "Private Day" en "Private Boarding Schools."

Die leerlinge vanaf die "Public Schools" presteer beter op akademiese gebied as dié groep studente vanaf "Private Schools" terwyl studente vanaf die "Private Boarding Schools" die swakste gepresteer het.

> "The public school students ranked the highest, the private day school intermediate, and the private boarding students the lowest."[2]

<u>Opsommend</u>:

(a) Seltzer se ondersoeke toon die verband tussen die akademiese vordering en aanpassing en die tipe skole waaruit die studente gekom het, aan.

(b) Die rede waarom 'n student 'n bepaalde inrigting bywoon, berus gewoonlik op sosio-ekonomiese faktore en dit is natuurlik weereens in die grotere en wyere sosiologiese patroon ingeweef.

26/ ...

---

[1] Seltzer, Carl C.: <u>Academic success in College of Public and Private School students: Freshman Year at Harvard</u>. The Journal of Psychology, 1948, 25 pp. 419-431.

[2] Ibid, p.430.

7. (a) (i) (g) Ruth Strang se ondersoeke wat in 1948 gepubliseer is, laat die klem veral op opvoedkundige voorligting val.[1)]

> "Many students are all at sea as to the best course to take, and in many schools they are offered no assistance in planning their programs."[2)]

Haar uitgangspunt laat tot 'n baie groot mate die sosiologiese aspekte buite rekening. Sy sê dit ook:

> "The care of educational guidance, which is treated intensively in this book, consists of three essentials:
>
> (i) Knowing the individual;
>
> (ii) Knowing educational opportunities;
>
> (iii) Helping the individual make appropriate choices through group work and counseling."[3)]

Die student en sy raadgewer moet albei saamspan en uitpluis watter rigting die beste sal aansluit by die beroepskeuse dit wil sê, dit wat die beste aansluit by die lewenservaring van die student asook natuurlik sy skoolopleiding wat noodwendig saamhang met sy algemene lewenservaring.[4)]

> "The more complete and accurate the picture of the social, economic, physical and mental factors, the more clearly are suitable educational opportunities indicated."[5)]

<u>Opsommend</u>:

Strang beweer dat kennis van 'n student se huislike agtergrond, sy finansies, skoolopleiding, ens. onontbeerlik is vir die studente se raadgewer.

27/ ...

---

1) Strang, Ruth: Educational Guidance: Its principles and practice. The Macmillan Co., New York, 1948.
2) Ibid, p.4.
3) Ibid, p.25.
4) Ibid, p.17.
5) Ibid, p.15.

7. (a) (i) (h) Abrahamson het maatskaplike dienste op 'n universiteitsterrein nagegaan.[1] Die Universiteit van Washington het naamlik maatskaplike dienste as 'n deel van hulle voorligtingsprogram ingesluit.

> "The use of caseworkers for personal counseling with students began as an experiment in the Office of Student Affairs at the beginning of autumn quarter in 1946. The associate director, the counselor for women, and a second-year student in the Graduate School of Social Work, were assigned to work with adjustment and personality problems."[2]

Ons sien dus dat hulle veral van die dienste van geskikte persone gebruik gemaak het; die dienste van 'n psigiater is ook gebruik.

> "During the summer of 1947 the Board of Regents formally approved the appointment of two psychiatric caseworkers and a consultant psychiatrist to the staff of the Office of Student Affairs for the academic year 1947-1948."[3]

Die ondersoekers het naamlik beraadslaag met die onderskeie fakulteite, raadgewers, "residence hall counselors", en ander personeellede aangaande die probleme van die studente. In hulle onderhoude met hierdie studente is lesgee metodes bespreek en soveel inligting moontlik met betrekking tot studente-aangeleenthede is bespreek. Dit is aldaar vasgestel dat die meeste probleme van studente beroeps- en vakkeuses was(is).

28/ ...

---

1) Abrahamson, A.C.: Social Work Services on a University Campus. Journal of Social Casework, 30; 292-6. JL '49.

2) Ibid, p.292.
3) Ibid, p.292.

7. (a) (i) (h) Ons haal aan om te illustreer hoedat die personeel van so 'n voorligtingsburo daar uitsien.

> "The personnel of Student Counseling Center consists of two full-time psychiatric social workers, four full-time vocational counselors, three part-time vocational counselors, one chief psychometrist, two junior psychometrists, one I.B.M. operator, and a clerical staff. The director is responsible to an administrative board which consists of members of various academic departments."[1]

Hierdie personeel het 'n studentetal van ongeveer 16,000 studente bedien. Die skrywer het vasgestel dat die voorligtingsprogramme geweldig groot byval gevind het by die studente.

> "Hence, it does not seem presumptuous to state rather emphatically that professional social work is making its contribution to the method of helping college students mature."[2]

<u>Opsommend:</u>

Abrahamson toon aan dat 'n universiteit self tot 'n groot mate homself met maatskaplike dienste behoort te bemoei.

(i) Mulligan se ondersoek na die sosio-ekonomiese agtergrond van studente het uiters interessante bevindinge gelewer.[3] Hy vind onder andere met betrekking tot 'n groot aantal Amerikaanse studente, die volgende:

29/...

---

[1] Ibid, p.293.

[2] Ibid, p.296.

[3] Mulligan, R.A.: <u>Socio-economic background and college enrolment.</u> American Sociological Review, Vol. 16, April 1951 No. 2, pp. 188-196.

7. (a) (i) (i) (a) Die universiteite ("colleges") trek meestal die kinders van die hoër beroepsgroepe, veral die professionele, eienaar- en bestuurdersgroepe.

(b) "Students in liberal arts colleges tend to stand higher in the socio-economic scale than those in teachers' colleges and normal schools."[1)]

(c) "Students enrolled in private schools and universities, on the whole, come from higher socio-economic groups than students attending public high schools, junior colleges, or state universities."[2)]

(d) Studente afkomstig uit die boonste sosio-ekonomiese groepe is óórverteenwoordigend in die hoër opvoedkundige inrigtings terwyl studente uit die laer sosio-ekonomiese groepe weer onder-verteenwoordigend is.

(e) "The chances children of superior intelligence have of attending college increase as the family income increases."[3)]

(f) 'n Kind se kanse om 'n universiteit by te woon hang ook af van die beroepstatus wat die vader beklee. Hoe beter die beroep van die vader, hoe beter is die kind se kanse om 'n universiteit te kan gaan bywoon. Mulligan konstateer in dié verband:

> "Among high school graduates who fail to continue their education there is evidence that many of them with the

30/ ...

---

1) Ibid, p.188.
2) Ibid, p.188.
3) Ibid, p.188.

7. (a) (i) (i) (f) ability to assimilate a college education come from the lower socio-economic groups."[1]

Met betrekking tot klasse-verskille, merk Mulligan die volgende op:

> "The differences between classes are not merely financial or external standards of living, but encompass the entire range of social behavior; occupation, vocation, manner of speaking, social and sexual attitudes, musical and literary tastes, and philosophy of life."[1]

In die Staat van Indiana stel hy vas dat slegs 4.2% studente as afkomstig uit die professionele groep geklassifiseer kan word, terwyl 13.9% studente in dieselfde gemeenskap ingeskrewe studente is. Op die universiteit is dié groep dus buitengewoon goed verteenwoordig.

(j) In sy artikel wat in 1953 verskyn het, sê dieselfde skrywer dat ons kulturele vlakke wel deeglik in aanmerking moet neem.[2] Sy uitgangspunt in hierdie ondersoek was:

> "The following data were compiled in an effort to test the hypothesis that there is no relationship between the socio-economic background of college students and family size, parental education, religion or residence."[3]

Verder om toe te lig:

> "A twenty per cent sample of the male students was secured by selecting every fifth male personnel information form alphabetically. A sample of 1444 cases was obtained."[4]

31/ ...

---

[1] Ibid, p.189.

[2] Mulligan: R.A. : <u>Social characteristics of College Students.</u> American Sociological Review, Vol. 18, June, 1953, No. 3, pp. 305-310.

[3] Ibid, p.305.

[4] Ibid, p.305.

7. (a) (i) (j) Mulligan het die beroepe van die studente se vaders geneem as 'n indeks van die sosio-ekonomiese agtergrond waaruit die studente kom. Die slotsom waartoe hy geraak het is die volgende:

> "It thus appears that differentials in specified social characteristics exist between college students from upper and lower socio-economic groups just as it has been reported for socio-economic groups in the population as a whole."[1]

Opsommend:

Mulligan laat blyk dat kennis van sosiologiese faktore naas skolastiese, opvoedkundige en sielkundige faktore, onontbeerlik is vir die universiteitsgemeenskap.

(ii) Die Verenigde Koninkryk en Europa:

Literatuur oor dié onderwerp oor Europese en Britse studente is feitlik onverkrygbaar. Kontemporêre artikels het ook feitlik uitsluitlik in een tydskrif verskyn.[2] Hiervolgens beoordeel kom 'n mens maklik tot die gevolgtrekking dat Amerika die ouer stamlande vér voor is op hierdie terrein.

(a) In 1944 verskyn 'n artikel waarin Edholm en Gibson die keuring van mediese studente aan die Queen's University, Belfast, nagaan.[3] Daar het 'n vraagstuk ontstaan waarvolgens besluit is om vas te stel of intelligensie toetse voldoende is om mediese studente te keur

32/...

---

[1] Ibid, p.310.

[2] Nature. A weekly journal of science. Macmillan & Co., Ltd., London. New York.

[3] Nature. Vol. 154, p.698, $D_2$ '44.

7. (a)(ii) (a) aldan nie. Een groep ondersoekers het die intelligensietoets as maatstaf bepleit terwyl 'n ander groep veeleer 'n persoonlike onderhoud verkies het, bo en behalwe slegs 'n eksamen. Hierdie twee ondersoekers het eksamenuitslae as intelligensietoetse beskou.

> ".... where second-year medical students have, for the past three years, carried out "an intelligence test, using Raven's Progressive Matrices" (J.S. Raven, Progressive Matrices, London, 1938). The scores obtained were compared with examination results."[1]

Twintig-persent van die proefpersone was dames en die gemiddelde ouderdom vir die totale groep was 19.5 jaar. Hulle som hulle bevindinge soos volg op:

> "The authors do not wish to imply, however, that success in examinations is the only criterion of the satisfactory student."[2]

Opsommend:

(a) Edholm en Gibson bepaal hulle in hoofsaak by suiwer sielkundige faktore.

(b) Hulle het hoofsaaklik een aspek van die persoonlikheid, naamlik die intelligensie, onder die vergrootglas geplaas.

(b) In 1946 verskyn in Nature 'n artikel oor die samewerking tussen universiteitspersoneel en studente.[3] Professor

33/ ...

---

[1] Ibid, p.698.
[2] Ibid, p.698.
[3] Nature, Vol. 157, pp. 139-140, $F_2$ '46.

7. (a)(ii)(b) Brodetsky van die Universiteit van Leeds het daarop gewys dat groter samewerking op akademiese gebied noodsaaklik is. Vir hom is dit belangrik dat 'n student nie net moet dink in terme van finansiële moontlikhede nie, maar ook aan akademiese prestasies. In die laasgenoemde geval veral ten opsigte van beurse en toekennings.

Wat veral 'n uiters belangrike bevinding is, is dat hy 'n verbetering en 'n uitbreiding van woongeriewe vir studente bepleit het. Dit raak dus uitsluitlik sosiologiese faktore.

Professor R. Pascel van die Universiteit van Birmingham het in dieselfde artikel gesê:

> "He considered that the great potential reserve of youngsters who might profit by a university education was to be found among the poorer income groups, and that it was essential that boys and girls of average ability from these lower income groups should be encouraged to go to the universities."[1]

Dit spreek immers duidelik dat 'n mens dus aangewese is op 'n sosio-ekonomiese opname om uitvoering te kan gee aan hierdie voorstel.

Verskeie menings het alreeds ontstaan in verband met die doelstellings wat 'n universiteitsloopbaan behoort te onderlê. So sê 'n dame byvoorbeeld in dié verband:

> "At all costs, universities must remain academic communities, and not become, for example, mere schools for leadership."[2]

34/...

[1] Ibid, p.140.
[2] Nature, Vol. 162, p.626, 0.16 '48.

7. (a)(ii) (b) Roach vra of ons keur vir die studente se sukses in hulle eksamens of heg ons meer waarde aan intellektuele faktore.[1]

Sir Henry Tizard vereis 'n hoë intelligensie van sy universiteitstudente. Hy sê:

> "Intelligence and zeal - provided students had these virtues on entering the university, it did not matter what subjects they had been taught at school."[2]

Dit wil tot 'n groot mate lyk asof meeste ondersoekers in Engeland die klem laat val op intellektuele faktore:

> "The sole criteria must be ability to profit by a university education and discipline, and those unlikely to do so should be excluded and directed to other places where their further training and education can best be effected in accordance with their capacity.[3]

Hierdie ondersoeker beklemtoon egter die feit dat universiteitstandaarde hoog moet bly ten spyte van toenemende getalle studente.[4]

'n Uitgebreide ondersoek na die keuring van studente aan Engelse universiteite laat die skrywers tot die slotsom geraak dat keuring nie alleenlik op grond van 'n eksamen behoort te berus nie, net so min as wat dit bloot op 'n intelligensietoets kan berus. Om toe te lig haal ons aan:

35/...

---

[1] Ibid, p.626.
[2] Ibid, p.627.
[3] Nature, Vol. 164, pp.81-83, J. 16, '49.
[4] Ibid, p.83.

7. (a)(ii) (b)

> "Selection by interview and on the basis of reports from schools has the advantage of elasticity, but is open to the suspicion that the scales may be weighted unduly in favour of the socially eligible candidate of athletic prowess and pleasant manner and address. The 'working party' agrees that, for a considerable body of students of good academic capacity, school examinations by themselves cannot be a reliable test of ability.
>
> It suggests that the university should consider applications mainly on the grounds of the ability attainments and inclinations of the applicants, their personality and character and the degree of competition from the other applicants. It believes, however, that more varied methods of selection are needed, and considers that the university authorities should be at liberty to interview a candidate and to apply for a suitable confidential report from the school."[1]

Hierdie komitee se slotsom, wat berus op die keuring van studente deur universiteite, kom op die volgende neer:

> "Whatever method of selection may be devised, its adoption by the universities of Britain will involve heavy administrative responsibilities with which many of them are at present ill-staffed to cope."[2]

Opsommend:

(a) Brodetsky bepleit vir 'n verbetering en uitbreiding van die woongeriewe vir studente.

(b) Die meeste ander ondersoekers waaronder Pascel, Roach, Tizard en andere, beklemtoon ook veral die rol wat sielkundige en opvoedkundige faktore speel.

36/ ...

[1] Nature, Vol. 163, No. 4134, Ja 22 '49, pp.113-115.p.115.
[2] Ibid, p.115.

7. (a)(ii) (c) 'n Ondersoek in Denemarke het ook in hoofsaak berus op sielkundige faktore.[1] Hier is meestal die lewensideaal wat Deense studente vir hulself gestel het, nagegaan en nie soseer die geluk wat hulle ondervind het met betrekking tot studies en studie-aangeleenthede nie.

Opsommend:

Die Deense ondersoeker Iasager, het ook sy opname op 'n suiwer sielkundige lees geskoei.

(b) Suid-Afrikaanse literatuurbronne.

Wat die ondersoeke na die akademiese vordering en aanpassing van studente aan Suid-Afrikaanse universiteite betref, kan ons eintlik net vyf ondersoekers se navorsing aanhaal.[2]

Drie ondersoeke wat in engere sin nie sondermeer op die universiteitsbevolkings van Suid-Afrikaanse universiteite betrekking het nie, word

37/ ...

---

[1] Iasager, H. : "Factors contributing to happiness among Danish College students". The Journal of Social Psychology, Vol. 28, 237-48, N. '48.

[2] (a) Malherbe, Eg. & Cook, P.A.W.: "The Relationship of entrance age of University students to their academic success." J.L. van Schaik, Pretoria, 1938.

(b) Schlebusch, Anita: Die invloed van persoonlikheid, intelligensie en omgewingsfaktore op die aanpassing van eerstejaarstudente by die universiteit. Ongepubl. M.A. Universiteit van Pretoria, 1954.

(c) Vlok, Adrian: Die verband tussen intelligensie en akademiese aanpassing van eerstejaarstudente aan die universiteit. Ongepubl. M.A. Universiteit van Pretoria, 1955.

(d) Freislich, J.G.B. Die verband tussen belangstelling, keuse van studierigting en akademiese prestasiepeil van eerstejaarstudente. Ongepubl. M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1956.

7. (b) nogtans bespreek.[1] Hierdie drie ondersoeke het betrekking op die skoolgaande bevolking hier te lande. Die ondersoeker het probeer om die verband wat daar tussen die skool enersyds en die universiteit andersyds bestaan, aan te toon deur hierdie ondersoeke kortliks te bespreek.

Die ondersoeke wat in Suid-Afrika uitgevoer is, kan in kronologiese volgorde soos volg ingedeel word:

A. Die ondersoek van Malherbe en Cook;

B. Die ondersoeke van Schoeman, Robbertse en Van der Westhuizen.

C. Die ondersoeke van Schlebusch, Vlok en Freislich.

Hieronder volg nou 'n bespreking van die bostaande ondersoeke na aanleiding van die bostaande inleiding.

A. In 'n ondersoek waarin die jare 1930-1935 betrek word, het Malherbe en Cook nagegaan of daar 'n verband tussen toelatingsouderdomme van universiteitstudente en

38/ ...

---

1)(a) Schoeman, H.S.B.: Die gedruipte leerling benader uit die standpunt: die huidige stelsel van onderwys en opvoeding. Ongepubl. M.Ed.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1941.

(b) Robbertse, P.M.: Die verhouding tussen die skoolprestasie en huislike milieu van laerskoolleerlinge in sover dit die ekonomiese, beroeps- en strukturele omstandighede van die gesinne betref. Ongepubl. M.Ed.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1946.

(c) Van der Westhuizen, G.J. 'n Ondersoek na die prestasies van sekondêre leerlinge van stedelike en plattelandse herkoms. Ongepubl. M.Ed.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1951.

7. (b) A. hulle akademiese prestasies.[1] Hierdie resultate het in 1938 die lig gesien.

Tereg merk die skrywers op dat 'n vergelyking van toelatingsouderdomme tussen lande onderling nie moontlik is nie, veral as gevolg van sekere sosiale faktore wat 'n rol mag speel, soos byvoorbeeld verpligte militêre diens ná die skoolloopbaan, dit wil sê ons tref in sulke lande 'n ouer groep studente aan. Die sogenaamde Gimnasia bied op hul beurt aan skoliere 'n taamlik gevorderde akademiese program. Dit wil, volgens die skrywers, nogal voorkom asof daar 'n ooreenkoms bestaan tussen Amerika en Suid-Afrika.[2] 'n Gevolgtrekking waartoe hulle o.m. geraak is dat die toelatingsouderdomme tot universiteite in Suid-Afrika baie soortgelyk is aan dié van studente in ander lande.[3]

Volgens hulle gegewens wat die tydperk 1930-1935 in Suid-Afrika dek, sien ons dat die grootste groep eerstejaarstudente in Suid-Afrika in die ouderdomsgroepe 17 jaar en 18 jaar val naamlik 30.8% en 30.3% onderskeidelik.[4] Die mediaan ouderdom waarop Suid-Afrikaanse eerstejaarstudente universiteit toe gekom het in 1930-1935 was 18.3 jaar.[5]

Die dames was oor die algemeen jonger as die mans - 'n toename in damestudente verlaag dus die toetredingsouderdom van eerste-



[1] Malherbe, E.G. & Cook, P.A.W.: The Relationship of entrance age of University students to their academic success." J.L.v. Schaik, Pretoria, 1938.

[2] a.w. pp. 11-12.

[3] a.w. p.16.

[4] a.w. p.23.

[5] a.w. p.24.

7. (b) A. studente.[1)]

Hulle het ook vasgestel dat ongeveer 87.8% van alle eerstejaarstudente aan Suid-Afrikaanse universiteite in 1930-1935 direk na skool universiteit toe gegaan het.[2)] Vanaf 1931-1935 het slegs sowat 25% matrikulante op die een of ander tydstip universiteit toe gegaan.[3)]

In hierdie tydperk was 60% eerstejaarstudente dames.[4)] 'n Belangrike bevinding was byvoorbeeld die feit dat universiteite wat landelike gebiede bedien het, oor die algemeen ouer eerstejaarstudente getrek het.[5)] Die jonger groep eerstejaarstudente was gewoonlik vanaf stede afkomstig en hulle het ook meestal by hulle ouers gewoon.[6)]

Hulle bevind egter dat:

> "A student's success or failure at university is roughly predicted by the class of pass he obtains in the matriculation examination."[7)]

Die tipe of klas sertifikaat wat 'n student in die matrikulasie-eksamen behaal, is allerbelangriks.

> "Students with first class passes fail first year university courses less frequently than those with lower passes in matriculation."[8)]

en verder:

> "The more delicate the sub-division of matriculation results the better

40/...

---

1) a.w. pp. 23-24.
2) a.w. p.25.
3) a.w. p.29.
4) a.w. p.121.
5) a.w. p.122.
6) a.w. p.122.
7) a.w. p. 35.
8) a.w. p.123.

7. (b) A. the prognostic value - the high one having a good chance to survive without failure at university, while the low passes have hardly any."[1]

Malherbe en Cook bevind verder dat dames oor die algemeen beter in hulle eerstejaar op universiteit presteer as mans.[2] Dit is moontlik as gevolg van strenger kontrole oor dames of die makliker kursusse wat dames kan kies.[3]

Een van hulle belangrikste bevindinge is dat studente wat nooit op skool gedruip het nie, ook deurgaans op universiteit slaag.[4] Hierdie faktor is eintlik nog 'n beter maatstaf as die werklike matrikulasie-eksamenuitslae.

B. (i) Schoeman[5] het 'n opvoedkundige sosiologiese ondersoek uitgestel na die druiping van laerskoolleerlinge in Transvaal.

Ofskoon sy ondersoek nie hierdie ondersoek raak nie, wys hy nogtans daarop dat seuns op laerskool[6] oor die algemeen meer druip as dogters, naamlik 39.8% teenoor 31.5%. Hierdie aspek stem dus ooreen met Malherbe en Cook se bevindinge met betrekking tot eerstejaarstudente.

41/ ...

---

1) a.w. p. 62.
2) a.w. p. 97.
3) a.w. p. 97.
4) a.w. p.124.
5) Schoeman, H.S.B.: Die gedruipte leerling benader uit die standpunt: die huidige stelsel van onderwys en opvoeding. Ongepubliseerde M.Ed.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1941.
6) a.w. pp. 26-27.

7. (b) B.(ii) Robbertse[1] het 'n ondersoek ingestel na die vordering van laerskoolleerlinge waarin hoofsaaklik die volgende ondersoek is naamlik: beroep van ouers, gesinsinkomste; rondtrekkery; werksverwisseling; skoolverwisseling; ouerlike afwesigheid van huis weens werk; ouerskap; kindertal en posisie van kind in die kindertal; die liggaamlike gesteldheid van die kind; sy intelligensiepeil en karakter en temperament.

Die rede waarom bogenoemde ondersoek aangehaal word, is omdat daar enkele van genoemde faktore ook in ons ondersoek betrag sal word omdat dié faktore moontlik 'n bydrae tot akademiese vordering mag lewer. Sy belangrikste bevinding, wat moontlik ook op universiteitstudente betrekking het, is:

> "'n Onbetwisbare verhouding bestaan tussen die huislike milieus van kinders en hul skoolprestasies in die sin van hoe gunstiger die huislike milieu, des te beter presteer die kind op skool en omgekeerd."[2]

<u>Opmerking</u>:

Hierdie bevinding mag dalk van toepassing wees op universiteitstudente aangesien inwoningstoestande inderdaad 'n rol behoort te speel ten opsigte van akademiese prestasies.

(iii) In 'n ondersoek waarin die prestasies van sekondêre leerlinge van stedelike hoërskole volgens hul stedelike en platte-

42/ ...

---

1) Robbertse, P.M.: <u>Die verhouding tussen die skoolprestasie en huislike milieu van laerskoolleerlinge in sover dit die ekonomiese, beroeps- en strukturele omstandighede van die gesinne betref.</u> Ongepubliseerde M.Ed.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1946.

2) a.w. p.93.

7. (b) - B. (iii) landse herkoms nagegaan word, bevind Van der Westhuizen[1] dat daar geen noemenswaardige verskille bestaan tussen die akademiese prestasies en die sosiale aanpassingsvermoë van dié twee groepe nie.

Met die uitsondering van die ondersoek deur Malherbe en Cook, het al die ander aangehaalde werke betrekking op die skoolgaande bevolkings.

Die bespreking wat nou volg lig toe met betrekking tot die eerstejaar universiteitsbevolkings aan dieselfde inrigting waar hierdie hele ondersoek op berus. Aldrie ondersoeke is egter sielkundige ondersoeke dog hulle bied aan ons 'n ruimer blik met betrekking tot die groter probleem van die vordering en aanpassing van die eerstejaarstudente. Hierdie ondersoeke dra dus by tot beter inkleuring van die huidige ondersoek - dit verruim die blik.

C. (i) Anita Schlebusch[2] het in haar ondersoek gepoog om die invloed van die persoonlikheid, intelligensie en omgewingsfaktore op die aanpassing van eerstejaarstudente na te gaan. Die eerstejaarstudente was almal ingeskryf aan die Universiteit van Pretoria. Sy bevind onder andere:

> "Alhoewel in hierdie ondersoek geen statistiese verband tussen persoonlikheid, soos gemeet deur die Bern-

43/ ...

---

1) Van der Westhuizen, G.J.: 'n Ondersoek na die prestasies van sekondêre leerlinge van stedelike hoërskole volgens hul stedelike en plattelandse herkoms. Ongepubl. M.Ed.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1951. p.145.

2) Schlebusch, Anita: Die invloed van persoonlikheid, Intelligensie en Omgewingsfaktore op die aanpassing van Eerstejaarstudente by die Universiteit. Ongepubl.M.A.-verhandeling, Univ. van Pta., 1954.

7. (b) C. (i) reuter Persoonlikheidsvraelys, en akademiese aanpassing gevind is nie, is dit, soos reeds daarop gewys, moontlik te wyte aan die verskillende wyses waarop studente met dieselfde persoonlikheid - samestelling kan aanpas by die nuwe omgewing. Omdat geen statistiese verband tussen die persoonlikheid en akademiese aanpassing gevind is nie, is dit in individuele gevalle moontlik, selfs hoogswaarskynlik, dat een of meer van die persoonlikheidstrekke wat deur die Bernreuter Persoonlikheidsvraelys gemeet word, die oorsaak kan wees van die akademiese wanaanpassing van die individu. Aangesien akademiese aanpassing 'n individuele probleem is, is die voorligter genoodsaak om elke moontlike oorsaak van wanaanpassing te ondersoek, en aan die hand van sy kennis, die studente insig te laat kry in die oorsake van laasgenoemde se akademiese wanaanpassing."[1]

Dieselfde ondersoeker bevind ook dat kennis van 'n student se skoolbywoning nie voldoende is om sy aanpassing by die universiteit te voorspel nie.[2]

"Kennis van sy bywoning van 'n kleuterskool, die aantal skole wat hy besoek het, die ouderdom waarop hy vir die eerste keer skooltoe gegaan het, of hy met 'n bus skooltoe gery het en of hy in 'n koshuis tuisgegaan het, is net soos in die geval van die Bernreuter Persoonlikheidsvraelys, nie voldoende om 'n eerstejaarstudent se aanpassing by die universiteit te voorspel nie."[3]

Die rol van die skolastiese agtergrond word ook aangetoon en die ondersoeker verklaar:

"Uit die resultate van hierdie ondersoek vind ons 'n beduidende verskil by die 5% grens tussen 'n akademiese

44/ ...

---

[1] a.w. p. 51.
[2] a.w. pp. 60-61.
[3] a.w. p. 61.

7. (b) C. (i)

goed aangepaste groep en 'n akademies swak aangepaste groep ten opsigte van jaarlikse vordering op skool. Hierdie beduidende verskil kom daarop neer dat dit waarskynlik is dat eerstejaarstudente, wat een of meermale gedurende hulle skoolloopbaan gedruip het, nie voldoende kan aanpas by die universiteit nie."[1]

Sy het ook die Std. IX en X eksamens se gemiddelde persentasies geneem en dit vergelyk met die prestasies van die akademies goed en akademies swak aangepaste groepe.

"Die resultate beteken dat jaarlikse vordering en gemiddelde persentasies in die Std. IX en X eksamens behaal, beter maatstawwe is as die Bernreuter Persoonlikheidsvraelys om die akademiese aanpassing van eerstejaarstudente te voorspel."[2]

Die ondersoeker het ook die taalmedium op skool in verband gebring met die aanpassing op universiteit. Sy sê egter:

"Op grond van die resultate van hierdie ondersoek, kan egter net gesê word dat kennis van die taal waarin die eerstejaarstudent onderrig op skool ontvang het, nie 'n beter aanduiding van sy akademiese aanpassing as die Bernreuter Persoonlikheidsvraelys gee nie."[3]

Haar ontleding van die omgewingsinvloede berus in hoofsaak op die aantal plekke waar die ouers van die proefpersone al gewoon het, herkoms van die proefpersone van stad of platteland, die huidige woonplek van die ouers, die taal wat die meeste in die proefpersone se omgewings gepraat word, beroepe wat deur die meeste mense in die proefpersone se omgewings beoefen word en beroepe

45/ ...

[1] a.w. p.65.
[2] a.w. p.65.
[3] a.w. p.68.

7. (b) C. (i) wat deur die vaders van die proefpersone beoefen word. Die resultate wat sy weereens in verband bring met die tellings op die Bernreuter Persoonlikheidsvraelys lewer egter 'n geringe bydrae.

> "Tog is daar 'n aanduiding dat die taal wat die meeste in die omgewing van die eerstejaarstudent gepraat word, sy akademiese aanpassing beinvloed. Indien die taal 'n ander taal as Afrikaans is, sal dit die akademiese aanpassing bemoeilik, aangesien Afrikaans die voertaal van die Universiteit van Pretoria is."[1]

Sy het verder ook nog aandag geskenk aan die studente se belangstelling en tydverdrywe. Hier het sy die verskille tussen die akademies goed aangepaste groep en die akademies swak aangepaste groep ten opsigte van voorkeur en afkeur aan groep vakke, voorkeur aan soorte leesstof, radioprogramme, vryetydsbesteding, besteding van Desember-vakansie, belangstelling in kuns of handewerk en wetenskap, en die bywoning van konserte en bioskope, ontleed.

> "Slegs een betekenisvolle verskil tussen groep A en B is gevind naamlik belangstelling in kuns en handewerk en wetenskap, waar die akademies goed aangepaste groep 'n relatief groter belangstelling in kuns het as die akademies swak aangepaste groep; die teenoorgestelde geld vir die belangstelling in handewerk en wetenskap."[2]

'n Ontleding van verskillende aspekte van die universiteitsloopbaan waaronder die belangrikste redes waarom studente hulle kursusse gekies het, die bronne waaruit hulle universiteitsonkoste gedek word, huidige verblyfplek, verandering van kursus en vakke en sekerheid omtrent keuse van studierigting, word ingesluit. Haar

46/ ...

---

[1] a.w. p.77.
[2] a.w. p.89.

7. (b) C. (i) gevolgtrekking is:

> "Daar is slegs een beduidende verskil tussen die twee groepe proefpersone van hierdie ondersoek naamlik die akademies goed aangepaste groep het relatief meer van hulle vakke verander as die akademies swak aangepaste groep. Wat die ander aspekte betref, is geen beduidende verskil tussen die twee groepe gevind nie, met ander woorde hulle gee geen beter aanduidings van die akademiese aanpassing van eerstejaarstudente as laasgenoemde se tellings op die skale van die Bernreuter Persoonlikheidsvraelys nie."[1]

Die ondersoek van Schlebusch, wat hoofsaaklik 'n statisties-sielkundige en ontledende ondersoek is, toon duidelik aan dat individuele verskille een van die belangrikste redes mag wees ten opsigte van akademiese wanaanpassing.

(ii) Adrian Vlok[2] het ook ten opsigte van die Universiteit van Pretoria 'n meer suiwer sielkundige ondersoek geloods. Hierdie ondersoeker vind onder andere 'n positiewe beduidende korrelasie tussen intelligensie en die mate van sukses, wat 'n eerstejaar op universiteit behaal.[3] Hy sê dat hierdie verband tussen intelligensie en akademiese sukses egter gering is en dat dit nie moontlik is om bloot op grond van intelligensie te voorspel hoe goed 'n eerstejaar op universiteit sal vaar nie.[4] Daar bestaan 'n rede, sê Vlok, om te glo dat intelligensie toetse waarde sal hê in 'n battery van toetse vir die voorspelling van akademiese sukses. Hy sê :

47/ ....

1) a.w. pp. 100-101.

2) Vlok, Adrian: Die verband tussen intelligensie en akademiese aanpassing van eerstejaarstudente aan die universiteit. Ongepubl. M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1955.

3) a.w. p.74.

4) a.w. p.74.

7. (b) C.(ii) "Op die stadium waar die student besluit om volgens sy maksimum vermoë te presteer, sal intelligensie begin om 'n aktiewe rol in sy akademiese vordering te speel."[1]

(iii) Freislich se ondersoek na die verband tussen belangstelling, keuse van studierigting en akademiese prestasiepeil van eerstejaarstudente, betrek 'n groot groep studente wat deur hierdie sosiologiese ondersoek omsluit word.[2] Sy hoofbevindings kom kortliks daarop neer dat belangstelling skynbaar geen beduidende verband met akademiese prestasies het nie; dog dat belangstelling wel 'n verband met die keuse van studierigting vertoon en dat kritiese leesvermoë, ontwikkel deur belangstelling in aktiwiteite wat dit bevorder, waarskynlik 'n beduidende verband met akademiese prestasie het.[3]

Freislich se slotsom is:

"Die besluit waartoe geraak word, is dat daar waarskynlik geen beduidende verband tussen belangstelling en akademiese prestasiepeil van eerstejaarstudente is nie. Daar bestaan wel 'n mate van verband tussen belangstelling en keuse van studierigting."

Hierdie ondersoeker het hom dus ook in hoofsaak bepaal by meer suiwer sielkundige aspekte van die universiteitsloopbaan.

<u>Opsommend</u>:

Schlebusch, Vlok en Freislich se ondersoeke is die belangrikste veral in soverre dit hierdie ondersoek betref ten opsigte van die geraadpleegde Suid-Afrikaanse literatuur. Die ondersoekers laat dit

48/...

---

1) a.w. p.76.
2) Freislich, J.G.B. a.w.
3) Freislich, J.G.B. a.w. p.65.

7. (b) C. duidelik blyk dat die akademiese vordering en aanpassing van eerstejaarstudente op reekse faktore berus en dat die wanaanpassing van die eerstejaarstudente op universiteit op die akademiese gebied gewoonlik van spesifieke individuele faktore afhang.

(c) <u>Opsommend met betrekking tot die literatuuroorsig:</u>

Volgens die bostaande literatuur wil dit voorkom asof daar maar weinig aandag geskenk is aan suiwer sosiologiese faktore. By die bestudering van die literatuur kan die leser egter dadelik bemerk dat daar tog sprake is van sosiologiese faktore wat mag inwerk op die gedrag en die akademiese prestasies van die studente.

(d) <u>Kritiek</u>:

Dit spreek besonder duidelik dat nie een van die bostaande ondersoekers 'n suiwer sosiologiese of opvoedkundig-sosiologiese ondersoek na die akademiese vordering en aanpassing van studente aan universiteite ingestel het nie.

Om daardie rede kan ons dus sê dat op hierdie stadium die vraagstuk na die akademiese vordering en aanpassing van studente aan universiteite nog nie volledig ondersoek is nie.

- - - - - - - - - -